PE HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

7 Mei 2023 | 041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

Baie Welkom : Program van die dag

09:00 Oggenddiens : Ds Sunell Ribbens
10:00 Geloofsvormingsgroepe in hulle onderskeie lokale

Deurkollekte: Radio Feba

Program vir die Week :

Woensdag: 10 Mei
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

Vrydag: 12 Mei
05:15 Mannebediening

Saterdag: 13 Mei
10:00 Dorings & Daisies

"SAVE THE DATES"

Hemelvaartdiens
Donderdag, 18 Mei om 18:30

Pinkster
21-25 Mei om 17:00 - B'fontein
21-25 Mei om 18:30 - Kerkgebou

Pinksterfees
Sondag, 28 Mei om 09:00

HOOGLAND KK EN K
KOOR- KOS- & KUIERFEES
4 & 5 MEI 2023

Dankie Hoogland ....

'n **"Dankie"** is meer as net die somtotaal van konsonante en klinkers wat geskryf of uitgespreek word. **"Dankie"** is 'n erkenning van iemand se moeite en opoffering. Óf dit 'n **dankie** is wat kom nadat jy by die deur staan en wag het dat 'n vreemdeling eerste deurloop, óf 'n groter klip uit iemand se pad gerol het, **"dankie"** gee erkenning.

Vandag is so 'n "**dankie**" aan Hoogland wie elke mens is wat iets geskenk het (produkte en kontant), wie voorberei het, wie hard kom werk het, ondersteun en kom saam kuier het. Dit is oorweldigend hoe die Here deur elkeen se eier- of veilingskenking voorsien het vir hierdie KKenK. Dit is ook getuienis van ons geloof wat deur liefde tot dade oorgaan.

Om die name te noem van *elkeen* wat iets gedoen het, is 'n onmoontlike taak. Vir elkeen met wie ons 'n woord kon gesels toe jy hier stop: **dankie**. Aan elkeen wat anoniem gegee het: **dankie. Dankie** in besonder aan elkeen wat wonder hul bydrae of hier-wees 'n verskil gemaak het.

In besonder wil ons vir Annalize, Leon, Zuné en Bruce **dankie** sê vir AL die toue wat hulle bymekaar gehou het in die voorbereiding en aanbieding van die Fees. Vir die Koorfees sê ons **dankie** vir Leandra en Hanlie om met al die skole te skakel en reëlings te tref. Ook Hoogland se werkers: Joseman en Esther, ontvang ons groot "**dankie**". Julle almal as personeel word opreg waardeer en saam met julle stap ons maklik kaalvoet oor die Drakensberge.

Mag Hoogland se KKenK jaarliks ons saamkuier-tyd wees.

DANKIE!
Soli Deo Gloria! Aan God al die eer!
Di Pieter en Sunell